

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen.

Uitgee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad.

DEEL XVII, No. 585.]

9 JUNIE 1933.

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD.

[PRYS 4D.]

AFRIKAANSE EISTEDDFOD

NA 'n jaar waarin daar net op 'n deel van sy werksaamhede gekonsentreer is, het die Afrikaanse Eisteddfod-komitee weer 'n uitgebreide program vir die volgende wedstryde aangepak. In baie opsigte is die werksaamhede selfs uitgebrei. Die organiseerders verdien ons bewondering vir die moed wat hulle aan die dag lê om in hierdie gedrukte tye so 'n reusetaak op hulle te neem. Maar bewondering alleen is nie genoeg nie; om die onderneming te laat slaag, moet almal wat dit enigins kan doen, hul daadwerklike steun verleen.

Wat die Afrikaanse Eisteddfod al vir die verryking van die kultuurlewe van die Kaapprovinsie, ja selfs van die hele land beteken het, kan moeilik oorskot word. Jaarliks gaan daar uit die Moederstad belangstellendes wat hier die eerste besieling gekry het uit na alle dele van die land, en daar vind die geesdrif wat hier opgewek is, uiting in dade. Sodoende word daar by honderde kinders die sluimerende sielskragte wakker gemaak wat hulle nie alleen in staat stel om skoonheid te waardeer nie, maar ook skeppers van skoonheid—sy dit dan ook in beskeie mate—te word.

En dit is juis hierdie gawe tot skoonheidskepping wat die onderwys in die geestelike sin vrugbaar maak, wat die kind tot iets hoërs maak as 'n goed toegeruste masjien. Maar ongelukkig is dit nie aan alle opvoeders, hetsy ouers of onderwysers, gegee om by die kinders liefde vir die mooi dinge aan te wakker nie. Daarom is die kunswedstryde van soveel betekenis as aanvulling van die skoolonderrig. Ons wil nie beweer dat net die aansporing van 'n wedstryd genoegsaam is om van 'n kind 'n kunstenaar te maak nie, maar tog kan sulke wedstryde oneindig veel doen om in die kindergemoed die vonkie van kunstenaarsgevoel tot ontvlaming te bring.

Maar selfs waar die besielende aansporing tot skoonheidswaardering in die skool nie ontbreek nie, kan 'n kunswedstryd veel bydra om die opleiding waarvoor in die skool gesorg word, tot ryker en vrugbaarder ontwikkeling te bring. Hier word immers die geleentheid gegee om iets te *doen*, die geleentheid tot gesonde wedyering met andere, wat veelal in eie kring ontbreek. Deur dus leerlinge aan te moedig om aan die wedstryde deel te neem, word daar 'n kragtige stoot gegee aan die goeie werk wat reeds in die skool gedoen word.

Maar ons wil ons oproep nie net

tot die onderwysers en die skole beperk nie; daar is soveel ander jongeliedeverenigings wat met vrug aan die wedstryde kan deelneem; daar is verder honderde jong mense van meer gevorderde leeftyd vir wie die Eis-

Die sillabus is verkrygbaar by die sekretaresse, posbus 692, Kaapstad, en alle inskrywings sluit op 22 Julie aanstaande.

Ter gedagtenis aan wyle senator Langenhoven, die vriend en in lewe ere-voorsitter en belangstellende medewerker van die Eisteddfod, word die voorgeskrewe stukke in die sillabus sover moontlik oorgeneem uit sy werke.

van twee reeds voltooi is—met die oog op die omvang daarvan seker nie gou die lig sien nie. Dit is des te jammerder, aangesien daar nou juis 'n lewensbeskrywing van president Burgers op koms is. 'n Vergelyking van die twee werke oor so 'n interessante tydperk in die geskiedenis van die voormalige Suid-Afrikaanse Republiek sou anders hoogs interessant gewees het.

DIE VEROWERAAR

STROOI donker purper rose voor sy voet
En vleg vir hom 'n blink groen louerkroon;
Laat duisendes sy heldedaad begroet
En in vervoering neerstort voor sy troon.
Bewonder deur 'n uitverkore stoet
Sal hy tevrede in paleise woon;
Al loop sy spore deur gestolde bloed
Word hy met slaafse erediens beloon.

Maar langs die weë, waar meedoënloos
Die juggernaut van heerssug moordend dreun
Oor swaargeboeide lywe wat probeer
Om naderende wiele af te weer,
Dwaal moeders deur die nag. Genadeloos
Kyk sterre op die wit gesigte neer.

I. D. DU PLESSIS.

teddfod 'n pragtige geleentheid bied vir die beoefening van een of ander liefhebberij. Vir diegene wat binne die bereik van Kaapstad is, is daar die afdelings musiek (vokaal en instrumentaal) en voordrag, wat in baie opsigte uitgebreider en aantrekliker is as ooit tevore. Diegene vir wie afstand 'n beletsel is om persoonlik op te tree, kan in die afdelings letterkunde en handarbeid meeding. Laasgenoemde afdeling sluit die volgende in: tekenwerk, waaronder inbegrepe is ontwerpe vir naald-, hout-, metaal- en leerwerk, illustrasies en ontwerpe vir Kersmis- en Nuwejaarskaartjies; naaldwerk, hout- en metaalwerk. Vir die beginner op skool sowel as die liefhebber wat al 'n hoë mate van bedrevenheid bereik het, is hier geleentheid om sy beste aan die dag te lê.

Die afdeling letterkunde is in die verlede maar swak ondersteun, en ons wil 'n beroep doen op aspirantskrywers in alle dele van die land om gebruik te maak van die geleentheid om hul talente op hierdie gebied te beproef.

AAANTEKENINGE.

Die Shepstone-dokumente, wat 'n tyd lank deur dr. C. J. Uys, registrateur van die Naturellehof van die Oostelike Provinsie, in bewaring gehou is, is onlangs na die argief in Pietermaritzburg gestuur, waar dit voortaan gehou sal word. Die berig in die pers dat dit aan die Universiteit van Pretoria afgestaan was, was dus nie juis nie. Dr. Uys het egter afskrifte van die belangrikste dokumente laat maak en dié aan die Universiteit van Pretoria oorhandig. Dr. Uys se proefskrif, waarop hy onlangs die doktorsgraad behaal het, handel hoofsaaklik oor die Britse koloniale en imperiale beleid van die sestiger en sewentiger jare, maar werp ook 'n interessante lig op die naturellebeleid van Shepstone. Wat egter veral belangrik is, is die nuwe feite wat aan die lig gebring word in verband met die anneksasie van Transvaal in 1877. Ongelukkig sal dr. Uys se werk—wat uit drie dele sal bestaan, waar-

Volgens berigte in *Die Volksblad* het die Vrystaatse Kunswedstryde vanjaar nog groter belangstelling geniet as in die verlede. Daar was sowat tweehonderd meer inskrywings as in 1931 en die gehalte van die gelewerde werk het ook oor die algemeen vooruitgang getoon.

Die vervolg van *Flowering Wilderness*, wat Galsworthy kort voor sy dood voltooi het, sal binnekort verskyn.

Einstein het sy Duitse nasionaliteit opgesê en professorate in Parys en Madrid aanvaar. Hy is ook verbonde aan die „Institute for Higher Mathematics” wat onlangs in die Verenigde State gestig is.

Bernard Shaw het eindelijk in die Verenigde State aangeland, hoewel hy nog altyd geweier het om die Dollarland met 'n versoek te verëer. Hy was op 'n reis om die wêreld en moes sodoende deur die Verenigde State reis. Soos ons van hom kan verwag, het hy dadelik die Amerikaners die les geles. „Elkeen dink dat Roosevelt iets sal kan uitrig,” het hy gesê, „maar moenie glo nie. Hy kan nie. Dit het toevallig net gebeur dat mnr. Roosevelt op die regte oomblik saam met 'n babetje afgeneem is. Hy het ingekom as gevolg van een van daardie onnosele grootskeepse frontveranderings wat hier so dikwels voorkom tydens verkiesings... Wat Amerika nodig het, is 'n diktator. Alle lande word deur diktators bestuur. Julle in Amerika wil deur niemand anders as „racketeers” bestuur word nie. Al Capone het waarskynlik heelwat met die bestuur van die land te doen gehad voordat hy in die tronk gestop is.” Die reaksie van die Amerikaners teen hierdie vorm van Ierse humor sal aantoon of Shaw reg is wanneer hy beweer dat 'n mens die Amerikaners se ewigdurende bewondering en trou alleen kan verseker deur hulle sleg te sê.